| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Kortverhaal:** Stadsjapie oorskry grense

1 Paul, Karel, Shaun en Edwin staan voor die kennisgewingbord. Al vier seuns hoop dat hulle die rugbyspan vir die eerskomende Saterdag gehaal het. Shaun sou eerskomende Saterdag in Edwin se plek as senter uitdraf.

2 “Jy moet maar net aanvaar dat die beste man altyd die span haal,” sê Shaun neerhalend. Om alles te vererger, beaam sy vriende dit.

3 “Saun het die beste punte vir sy toets behaal. Ek is werklik trots op hom,” sê meneer Roode, die Wiskunde onderwyser. “Edwin, dit lyk vir my jy het kompetisie gekry,” sê Paul, sy beste vriend.

4 Waar Edwin se hand altyd eerste op was as vrae gevra word wat betrekking het op die werk wat so pas behandel is, was dit nou Shaun se hand. Edwin moes nou in die skadu van die nuwe seun staan.

5 Vandat Shaun gekom het, loop dinge skeef. Al die meisies hou van die stadsjapie met sy kort, gejelde kuif en *cool* klere. Waar Edwin, met sy wit kuif en blou oë, altyd al die meisies se aandag getrek het, was dit nou hierdie stadsjapie. Dis mos net genoeg om ‘n man se ego te knak.

6 Die ergste van alles is dat Shaun ‘n ogie op Katja, Edwin se meisie, het. ‘‘Edwin, as jy nie oppas nie, is jy jou meisie kwyt,” het Karel gespot.

7 Nie lank nie, of Shaun het vir Katja gevra om saam met hom na die skoolkonsert te gaan. Dit het die siening wat die kinders omtrent Shaun gehad het, heeltemal verander.

8 “Shaun mag wel beter as Edwin presteer, maar ‘n mens krap nie in ‘n ander man se slaai nie!” het Karel en Paul gesê.

9 Die meisies wat hierdie stadsjapie bewonder het, het almal hulle rug op hom gedraai. “Wie dink hy is hy dat hy met sy *cool* klere en gejelde kuif in ons witkop se slaai mag krap? ‘n Mens breek net eenvoudig nie ‘n paartjie op nie.’’

**Hardoplees:** Stadsjapie oorskry grense

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, beklemtoning en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 7** **Afrikaans Huistaal** **Maart 2024**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Beskrywend en verhalend:** Weggeruk sonder waarskuwing

1 Hoe geniet ek dit nie altyd om my toe te wikkel in die komberse en ‘n boek te lees terwyl die reëndruppels op die dak kletter nie? Kompleet of hulle vir my geselskap hou. Soms sit ons familie voor die knetterende kaggelvuur, terwyl die reëndruppels op die dak kletter en die reëndruppels teen die ruite afloop.

2 As die donderweer verwoed rammel en die blitse die lugruim verlig, besef ek maar alte goed hoe klein die mens is. Ek het nie slegs respek vir swaar donderbuie nie, maar ook ‘n liefde. Dit verlig immers droogtes. Welkome reënwater voed weer die ondergrondse water. Boere kan weer asem skep.

3 Dis juis tydens ‘n swaar reënbui met weerligstrale en donderslae wat ek my pa aan die dood moes afstaan. Die weerligstrale en harde reën wat ek altyd bewonder, het my pa van my af weggeruk! Ek háát hierdie donderstorm!

4 Ek en my pa was op pad na my oupa-hulle toe. Beide van ons was opgewonde, want ons kon al in ons geestesoog sien hoe ons die volgende dag ‘n blesbok sou plattrek.

5 Dit was reeds nag. Die donker wat ons omvou het en die weerligstrale wat van tyd tot tyd die pad verhelder het, het die vrees in my aangewakker. Swaar reën het geval en die ruitveërs het oortyd gewerk. Hoewel die kopligte gebrand het, kon jy die seepgladde grondpad net ‘n entjie voor jou sien kronkel. Plek-plek het die bakkie gegly. Beslis weersomstandighede waar jy jou oog nie durf van die pad haal nie. My pa het beheer oor die bakkie om ‘n skerp draai verloor. Die volgende oomblik het ons met ‘n boom kennis gemaak. ‘n Doodse stilte het gevolg. Nadat ek tot verhaal gekom het, moes ek sien dat ek alleen in die bakkie was. My pa is by die venster uitgeslinger.

6 Ek klim uit en buk by my pa se beweginglose liggaam. Alles vloei voor my. Ek sien net dubbelbeelde. “Nee, Pa! Pa kan my nie nou alleen los nie! Wie gaan my die dinge van ‘n man leer? Wie gaan langs die rugbyveld staan en my aanmoedig? Wie gaan een keer ‘n jaar saam met my bokke plattrek?” Verskillende gedagtes, gelaai met emosies, flits deur my brein.

7 As ‘n jong seun besef ek hoe wreed dit is as ‘n geliefde sonder waarskuwing van jou weggeruk word. Op ‘n siekbed kan ‘n mens jou ten minste nog voorberei om afskeid te neem van ‘n geliefde.

8 Met elke donderbui sien ek weer daardie onvergeetlike toneel voor my afspeel. Dis ‘n toneel wat jy net nie uit jou brein kan sny nie. Elke keer sien ek weer die beweginglose liggaam van my pa in die reën en blitsende strale.

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Waarom sou jy sê dat die <u>chronologie</u> van die verhaal in paragraaf 4 verbreek word.** | (2) |
| **2** | **Luister na paragraaf 5. Waarom sou jy sê die seun was bang?** | (1) |
| **3** | **Hoe hou die <u>inhoud</u> van paragrawe 5&6 verband met die <u>opskrif</u>?** | (1) |
| **4** | **Wat was die <u>oorsaak</u> van die ongeluk en watter <u>gevolge</u> het dit volgens die luisterteks vir hierdie seun ingehou? Noem slegs EEN.** | (2) |
| **5** | **Waarom reken jy het die bakkie plek-plek op die grondpad gegly?** | (1) |
| **6** | **Gee 'n <u>beskrywing</u> van die grondpad.** | (2) |
| **7** | **Waarom sou jy sê dat die seun se pa onverantwoordelik opgetree het?** | (1) |
| **8** | **Bespreek die <u>ruimte</u> in paragraaf 6.** | (1) |
| **9** | **Hoe <u>verskil</u> die *emosie* wat hierdie seun in paragraaf 4 ervaar het met díé wat hy in paragraaf 6 ervaar het?** | (2) |
| **10** | **Wat is die <u>kerngedagte</u> van paragraaf 8?** | (1) |
| **11** | **Reken jy die inhoud van die luisterteks is <u>geloofwaardig</u>. Bespreek.** | (1) |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Praat:** <u>Ons word vasgekeer in 'n storm</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging, emosies en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, gesigsuitdrukking en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 7</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Maart 2024</u>** |
| **<u>Vraestel 2</u>** | **<u>Afdeling A</u>** | **<u>Leesbegrip</u>** |

1 **Verhalend:** <u>Die ongewenste Suidooster</u>

1 Vakansies is gewoonlik 'n tyd wat net aangename herinneringe inhou, maar beslis nie vir die Kruger-gesin nie.

2 Net duskant die Paarl, stop 'n verkeerskonstabel ons. Pa het duidelik vergeet dat 'n mens onder geen omstandighede die spoedgrens in die Weskaap oorskry nie. "Jy besef natuurlik dat ons so pas R500 minder het om gedurende die vakansie te kan spandeer," sê Ma.

3 Met ons aankoms by die gastehuis in Somerset-Wes, moes ons verneem dat die loodgieter die volgende dag sou kom om die element van die *gieser* te vervang. 'n Koue stort was ons voorland!

4 Ons kinders kon nie wag om die volgende dag die see aan te durf nie. Pa kon ook nie wag om sy eerste vis uit te trek nie.

5 Die Suidooster het ons opgewondenheid vroeg die volgende oggend gedemp. Dit was beslis nie 'n dag vir die strand nie. Die Suidooster het ons ook nie toegelaat om met die kabelkarretjie teen Tafelberg op die gaan nie. Dit was 'n dag om ons geskiedenis op te knap. Ons het die Kasteel besoek en daarna met die boot na Robbeneiland gevaar.

6 Hoewel ons kinders nie kon wag om strand toe te gaan nie, het my pa gesê dat hy ons die volgende dag met die kabelkarretjie teen Tafelberg wou uitneem. "Daar is nog baie dae wat ons strand toe kan gaan. Ek wil graag hê dat julle die ondervinding moet beleef om op die kruin van Tafelberg te loop."

7 Die res van die vakansie het die Suidooster vir ons geselskap gehou. Die mees ongenooide gas wat 'n vakansieganger aan die Kaap ooit kan vergesel. Dit is beslis die grootste vyand van enige visserman, branderplankryer of swemmer.

**1.1 Watter <u>les</u> leer ons uit die inhoud van paragraaf 2?** (1)

**1.2 By watter <u>karakter</u> tref ons *dialoog* aan ?** (1)

**1.3 Watter nadelige <u>gevolge</u> het die sterk Suidooster vir die kinders en vir Pa ingehou?** (2)

**1.4 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê dat die *inhoud* van die bostaande leesteks <u>geloofwaardig</u> is.** (1)

**1.5 Noem slegs EEN *rede* waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n <u>verhalende teks</u> is.** (1)

**Totaal: 6** **/6**

**2** **Legende:** <u>Die koningin se verdiende loon</u>

1 Die koning van Griekeland se vrou was geliefd onder almal. Sy het gereeld funksies gehou waartydens sy geld ingesamel het om kos vir die armes te koop. Sy het die siekes gereeld moed ingepraat tydens haar besoeke aan hulle. Hulle het ‘n seun en ‘n dogter gehad. Die seun sou die koning se opvolger wees. Op pad na ‘n liefdadigheidsfunksie is die koningin in ‘n motorongeluk opslag dood.

2 Drie jaar na die dood van sy vrou, het die koning weer getrou. Hierdie vrou het ‘n seun uit haar vorige huwelik gehad. Sy wou hê dat háár seun die troonopvolger moes wees. Sy het die waterslang beveel om die prins te vang. Terwyl sy met die waterslang gepraat het, het die houtkapper wat ‘n entjie verder weg besig was om bome te kap, alles gehoor.

3 Een Saterdag het die koning se seun weer gaan swem. Skielik het die waterslang hom gegryp en na onder getrek.

4 Die houtkapper het die koning gaan vertel hoe die koningin die waterslang beveel het om die prins te vang. Die koning was woedend en het sy manskappe aangesê om die koningin en haar seun na die rivier te neem. Hy het saam met hulle gegaan.

5 Toe hulle by die rivier aankom, het die waterslang weer sy verskyning gemaak. Toe hy die koning sien, het hy bang geword. Net toe hy in die water wou verdwyn, het die koning hom gerusgestel.

6 “Moenie bang wees nie. Gee net my seun vir my terug. Neem dan die koningin en haar seun na die dieptes van die water.”

7 Nadat die waterslang die prins na bo gebring het, het hy die koningin en haar seun gevang en na sy huis diep onder in die water geneem.

8 Die prins het tien jaar later by sy pa oorgeneem. Die prinses was, net soos haar ma, geliefd onder die mense. Sy het ook vir die armes gesorg en die siekes besoek.

**2.1** **Watter <u>morele les</u> leer ons in hierdie leesteks?** (1)

**2.2** **Watter karakter het oor onaanvaarbare <u>karaktereienskappe</u> beskik? Verskaf die *rede* vir jou antwoord.** (2)

**2.3** **Watter <u>gevolge</u> het dit vir die koningin en haar seun ingehou, aangesien sy die waterslang aangesê het om die prins te vang?** (1)

**2.4** **Watter twee *karakters* het oor goeie <u>karaktereienskappe</u> beskik? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (4)

**Totaal: 8** **/8**

1 **Drama:** <u>Omgee maak voëlvry</u>

*Die son steek sy kop uit en die eerste sonstrale begroet die aarde. Met 'n goiingsak in die een hand en 'n lapbeursie in die ander, stap oom Theuns al langs die stowwerige pad dorp toe. Met pet op die kop en verbleikte klere aan, nader hy die dorp. Hy verkoop die hout, wat hy die vorige dag gekap het, aan die winkeleienaar, meneer Potgieter. Met daardie geld kan hy immers 'n halwe brood, 'n liter melk en 'n bietjie maalvleis koop.*

Meneer Potgieter: Môre, oom Theuns. Ek het goeie nuus. Die nuwe intrekkers wil elke dag vier sakke hout hê, aangesien die man baie lief vir braai is. Braaivleis is glo elke aand op die spyskaart.

*Meneer Potgieter sien hoe oom Theuns se oë verhelder.*

Oom Theuns: Meneer, jy weet net nie hoeveel dit vir my en my vrou beteken nie. Ons sal nou ook 'n paar *tjoppies* vir braaivleis kan koop.

*Oom Theuns se woorde laat meneer Potgieter skuldig voel. Om te dink hulle kan elke dag skaapvleis koop, terwyl oom Theuns-hulle net maalvleis kan koop.*

Meneer Potgieter: (*kyk oom Theuns stip in die oë)* Oom besef net nie hoe ryk oom my vandag gemaak het nie.

Oom Theuns: *(met 'n frons tussen sy oë)* Meneer, ek verstaan nou glad nie.

Meneer Potgieter: *(met 'n glimlag)* Oom het my laat besef hoe bevoorreg ek wérklik is. Ek het nog nooit daaraan gedink hoe bevoorreg ek is om elke dag skaapvleis te bekostig nie. Ek sal die rykste man wees as Oom sou inwillig om vir my te kom werk. Sodoende hoef "Verbleikte klere" nie meer deel van oom se woordeskat te wees nie. Oom het my laat besef dat dankbaarheid en omgee meer vreugde verskaf as 'n stewige bankbalans.

*Oom Theuns kon nie vinnig genoeg die goeie nuus aan sy vrou oordra nie.*

**3.1 Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat daarop dui dat oom Theuns nie heeltemal seker is wat meneer Potgieter bedoel het toe hy vir hom gesê het dat hý hom ryk gemaak het nie.** (1)

**3.2 Verskaf die *rede* waarom daar <u>karakterontwikkeling</u> by meneer Potgieter plaasvind.** (1)

**3.3 Hoe hou die <u>opskrif</u> verband met die aanbod wat meneer Potgieter vir oom Theuns maak?** (1)

**3.4 Noem DRIE *redes* waarom jy sou sê dat die bostaande leesteks 'n voorbeeld van 'n <u>drama</u> is.** (3)

**Totaal: 6** **/6**

**4 Gedigte**

**4.1 Waarna verwys "*Elke jas met sy gesig*" in die onderstaande versreëls?**

"Hoe deur die reën en laaste lig
krukkig soos nat voëls
loop elke jas met sy gesig.'' *D.J.Opperman* (1)

**4.2 Watter <u>effek</u> verkry ons deur die onderstaande versreëls uit: " Ou Oom" *stadig* te lees.**

"Ou oom sit in die skadu van
die rooi selonsroosboom,
met sy hande slap op sy knieë
die môre en verdroom," *W.E.G. Louw* (1)

**4.3 Dui die <u>rympatroon</u> in die onderstaande strofe uit: "*Beste vriende*" aan.**

Jy is my heel beste maat
my vriend, my kameraad
sonder jou is ek alleen
soos 'n honger hond sonder 'n been." *Marita van Aswegen* (1)

**4.4 Dui die versreël in die onderstaande strofe uit: "*Knipmes*" aan waar ons 'n <u>metafoor</u> aantref.**

" 'n Woordmes wat sekuur kan sny
sal jou maklik deur die lewe kry,
want kan jy nie sê wat in jou kop aangaan
sal die woordtekort jou bly beskaam." *Lochner de Kok* (1)

**4.5 Watter vorm van <u>beeldspraak</u> tref ons in die onderstaande versreëls uit "Die dans van die reën" aan?**

"O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies." *Eugene Marais* (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**1 Boekresensie:** Woorde-moord

*Woorde-moord* is ‘n boek wat jou aandag van die begin af vasvang. Hier word duidelik uitgebeeld hoeveel skade ‘n mens deur jou tong kan aanrig. Nie slegs kan jy iemand se gevoelens kwets nie, maar hierdie persoon kan letsels vir die res van sy lewe oorhou.

**1.1 Skryf die eienaam in reël 1 neer. (1)**
**1.2 Skryf die bywoord van wyse in reël 2 neer. (1)**
**1.3 Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 3 neer. (1)**
**1.4 Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 3. (1)**

**2 Verhalend:** Omgee lei tot dankbaarheid

Toe die bedelaar sy blikkie met geld daardie middag optel, het ek nader gestap en hom na my huis toe genooi. Ek wou hê hy moes die aand by my oorslaap. Die dankbaarheid wat ek in sy oë kon lees, kan ek vir niemand beskryf nie. Ek het van my ou klere vir hom gegee. Hy kon dit nie glo dat daar nog mense is wat in hom belangstel nie. Vir die eerste keer het hy weer soos iemand in die samelewing gevoel.

**2.1 Skryf die aanwysende voornaamwoord in reël 1 neer. (1)**
**2.2 Skryf die onderstreepte sin in reëls 2&3 in die teenwoordige tyd. (1)**
**2.3 Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 3 neer. (1)**
**2.4 Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 4. (1)**
**2.5 Skryf die skeibare werkwoord in reël 5 neer. (1)**

**3 Kortverhaal:** Weerwraak

Soos blits storm ek by die voordeur uit met een doel voor oë: Ek moet so vinnig moontlik so ver moontlik van hierdie huis af vlug. Die volgende oomblik hoor ek die swaar, naderende voetstappe van die man agter my. Die kluisenaar gryp my aan die kraag en sleep my na sy huis. Die feit dat ek probeer vlug het, was soos olie op die vuur. Die volgende oomblik sien ek iemand in die verte. Ek voel verlig. Mag hierdie persoon my uit die hande van die wrede kluisenaar red.

**3.1 Skryf die vergelyking in hierdie paragraaf neer. (1)**
**3.2 Skryf die onderstreepte sin in reëls 1&2 in die toekomende tyd. (1)**
**3.3 Skryf die teenwoordige deelwoord in reël 3 neer. (1)**
**3.4 Skryf die samestelling in reël 3 neer. (1)**
**3.5 Gee die *betekenis* vir die onderstreepte idioom in reël 5. (1)**
**3.7 Skryf die onderstreepte sin in reël 6 in die ontkennende vorm. (1)**

**Totaal: 15 /15**

| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Maart 2024** |
|---|---|---|
| **Vraestel 3** | **Skryf** | |

**Skryf ‘n kortverhaal van 150-200 woorde oor EEN van die volgende.**

Verbloemde hartseer. / Die harseer van die harlekyn. / Die rampspoedige wittebrood.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleiding, inhoud, interessant, klimaks, en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Probleem, probleemoplossing en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie en karakterontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ‘n verhalende opstel van 150-200 woorde oor EEN van die volgende.**

En so verdwyn die glimlag op sy gesig. / Dis sy verdiende loon.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleiding, inhoud, interessant, klimaks en slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, choronologie en karakterontwikkeling: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorsaak, gevolge en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ‘n beskrywende opstel van 150-200 woorde oor EEN van die volgende.**

Die tronklewe. / Die hewige storm. / Skoonheid. / Ouderdom.

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende- en slot paragraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud, interessant, taalgebruik en woordkeuse: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en idiome: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning en paragrafering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ‘n vriendsakplike brief van 100-120 woorde aan jou vriend/in en vertel hom/haar hoe jy die nag alleen op die stasie deurgebring het.**

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gebeure, chronologie en emosies: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat, leestekens, skryftekens en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal : 10** **/10**

**Memorandum** **Afrikaans Huistaal** **Maart 2024**

**Beskrywend en verhalend:** Weggeruk sonder waarskuwing

1 Terwyl hulle op die oomblik op pad na sy oupa se plaas is, is beide opgewonde oor die blesbok wat hulle die volgende dag sou plattrek.

2 Hy was bang dat die bakkie op die gladde grondpad sou gly en dat hulle sodoende ‘n ongeluk sou maak.

3 Die seun se pa is tydens die ongeluk opslag dood en kon hom nie op die dood voorberei nie.

4 Die bakkie het om ‘n draai op die gladde grondpad gegly. ✔
4.1 Omdat sy pa dood is, kon hy hom nie meer die dinge van ‘n man leer nie. /✔
4.2 Aangesien sy pa dood is, kon hy sy seun nie meer langs die rugbyveld aanmoedig nie. / ✔
4.3 Die seun se pa kon nie meer saam met hom gaan jag nie, aangesien hy dood is. / ✔
**(EEN punt vir die oorsaak en EEN punt vir die gevolge)**

5 Aangesien die pad glad was.
6 Die kronkelende✔ pad was nat en seepglad.✔
7 Hy het sy seun se se lewe in gevaar gestel, aangesien hy in die nag in die reën gery het.
8 By ‘n boom langs die pad. / By ‘n boom in die veld.

9.1 Paragraaf 4
Hy was opgewonde. ✔

9.2 Paragraaf 6
Hy was hartseer. ✔

10 Hy herleef elke keer die toneel waar hy sy pa aan die dood moes afstaan tydens elke donderbui.
11 Enige *realistiese* antwoord wat met die inhoud van die luisterteks verband hou.

**1 Verhalend:** Die ongewenste Suidooster

1.1 ‘n Mens mag nie die spoedgrens oorskry nie.
1.2 Ons tref *dialoog* by Ma aan.
1.3 Die kinders kon nie swem nie ✔en pa kon nie visvang nie. ✔
1.4 Enige aanvaarbare realistiese antwoord wat met die inhoud verband hou.

1.5 Gebeure volg mekaar *chronologies* op. /
Die gebeure hou verband met die inhoud van die verhaal. /
Die *karakters* tree handelend op. **(slegs EEN is aanvaarbaar)**

**2 Die legende:** Die koningin se verdiende loon

2.1 Dat ons nie jaloers moet wees en die ondergang van iemand anders moet soek nie. /
Ons moet vir die armes sorg. / Ons moet die siekes besoek. **(slegs EEN)**

2.2 Die tweede vrou van die koning, ✔aangesien sy jaloers op die prins was en wou hê dat die waterslang hom moes vang. ✔

2.3 Die koning het die waterslang aangesê om hulle te vang en na sy huis diep onder in die water te neem.

2.4.1 Die eerste vrou van die koning. ✔

2.4.2 Die prinses. ✔

2.4.3 Beide die koningin en die prinses het vir die armes gesorg✔ en die siekes besoek.✔

**3 Drama:** Omgee maak voëlvry

3.1 Oom Theuns: (*met 'n frons tussen die oë*) Meneer, ek verstaan nou glad nie.

3.2 *Vóór* hulle gesprek, het meneer Potgieter dit nie waardeer dat hy elke dag skaapvleis kan koop nie, maar *ná* hulle gesprek het hy dit waardeer.

3.3 Aangesien meneer Potgieter vir oom Theuns en sy vrou omgegee het en wou hê dat oom Theuns-hulle 'n geriefliker lewe moes ly, het hy vir hom 'n werk aangebied. Sodoende kon hy hulle bevry uit die net van armoede en onstandvastigheid. **/**
Sy werksaanbod sou oom Theuns en sy vrou bevry van armoede en onstandvastigheid. **/**
As oom Theuns 'n salaris kon verdien, sou hulle uit die net van armoede en onstandvastigheid bevry wees.

3.4.1 ***Karakters*** tree handelend op.
3.4.2 Karakterontwikkeling vind plaas.
3.4.3 Toneelaanwysings en tussensetsels word aangetref.
3.4.4 Dialoog word by die ***karakters*** aangetref.
3.4.5 Die ruimte en tyd word in die ***inleiding*** aangedui.
3.4.6 Die derdepersoonsverteller dui die ***tyd*** en ***ruimte*** aan.
3.4.7 ***Karakters*** ervaar emosies.
3.4.8 Die chronologie van die verhaal word verbreek tydens ***dialoog***.
3.4.9 Die oplossing vir 'n ***probleem*** word aangetref.
**(slegs DRIE is aanvaarbaar)**

**4 Gedigte**

4.1 Dit verwys na die mense wat reënjasse dra.
4.2 Ons verkry die effek van rustigheid.

4.3 Beste vriende

“Jy is my heel beste maat a
my vriend, my kameraad a
sonder jou is ek alleen b
soos ‘n honger hond sonder ‘n been.” b

*Marita van Aswegen*

4.4 Knipmes

“ ‘n **Woordmes** wat sekuur kan sny
sal jou maklik deur die lewe kry,
want kan jy nie sê wat in jou kop aangaan
sal die woordtekort jou bly beskaam.”

*Lochner de Kok*

4.5 Die onderstreepte versreëls is ‘n voorbeeld van personifikasie.

O die dans van ons suster

‘‘O die dans van ons suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.”

*Eugene Marais*

**Memorandum** **Taal**

**1 Boekresensie:** Woorde-moord

1.1 Woorde-moord is 'n boek wat jou aandag van die begin af vasvang.
1.2 Hier word duidelik uitgebeeld hoeveel skade 'n mens met jou tong kan aanrig.
1.3 Jy kan iemand se gevoelens kwets.
1.4 Persoon - persone

**2 Verhalend:** Omgee lei tot dankbaarheid

2.1 Die bedelaar tel sy blikkie met geld daardie middag op.
2.2 Ek wil hê hy moet die aand by my oorslaap.
2.3 Ek kon die dankbaarheid in sy oë lees.

2.4

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Oud | ouer | oudste |

2.5 Hy kon nie glo dat daar nog mense is wat in hom belangstel nie.

**3 Kortverhaal:** Weerwraak

3.1 Soos blits storm ek by die voordeur uit.
3.2 Ek sal so vinnig moontlik so ver moontlik van hierdie huis af moet vlug.
3.3 Ek hoor die naderende voetstappe van die man agter my.
3.4 Ek hoor die naderende voetstappe agter my.
3.5 Die feit dat ek probeer vlug het, het die saak net vererger.
3.6 Die volgende oomblik sien ek niemand in die verte nie.

**Naslaanbronne** **Maart 2024**

**Vraestel 1** **Afdeling A** **Hardoplees**

**Kortverhaal:** Stadsjapie oorskry grense
Aangepas: *Charlieboy en die nuwe ou*
*Afrikaans Eerste Addisionele Taal* *Pearson S.A. (Edms.) Bpk. 2013*
*Angie Aldridge, Annemari Roriston*

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Beskrywend en verhalend:** Weggeruk sonder waarskuwing
*Eugene van der Westhuizen*

**Vraestel 2** **Afdeling A** **Leesbegrip**

**Verhalend:** Die onbgewenste Suidooster *Eugene van der Westhuizen*
**Legende:** Die koningin se verdiende loon *Eugene van der Westhuizen*
**Drama:** Omgee maak voëlvry *Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

Ou Oom *W.E.G. Louw*
Uit: *Versamelde gedigte, W.E.G. Louw*
*Tafelberg-uitgewers Beperk, 1973*

Die dans van die reën *Eugene Marais*
Geneem uit: *Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*
*F.Viljoen, R.Lampbrecht, H.Viljoen*

Beste vriende *Marita van Aswegen*
Geneem uit: *Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*
*F.Viljoen, R.Lampbrecht, H.Viljoen*

Knipmes *Lochner de Kok*
Geneem uit: *Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*
*F.Viljoen, R.Lampbrecht, H.Viljoen*

Ballade van die Grysland *D.J. Opperman*
Geneem uit: *Afrikaans My Taal* *Maskew Miller Longman*
*(Edms) Bpk.,1975*
*PF. De Klerk, BJ. Esterhuizen, HJR. Hammann, EL. Neethling*

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Boekresensie:** Woorde-moord *Eugene van der Westhuizen*
**Verhalend:** Omgee lei tot dankbaarheid *Eugene van der Westhuizen*
**Kortverhaal:** Weerwraak *Eugene van der Westhuizen*